Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

4 September 2024
OB 33

Beste Ouers

Saterdag, 31 Augustus 2024 het ons, ons laaste sportdag gehad op Ashton. Baie dankie aan almal wat die Pikkie-dag (0.7 – 0.9) bygewoon het en tot aan die einde hulle harte uitgespeel het vir hulle span. Maandag, 2 September 2024, was dit ook die hokkie-afsluiting waar verskeie spanne teen mekaar gespeel het.

Dankie aan elke Montie wat die *civvie-dag* op 30 Augustus 2024 ondersteun het. Ons gaan die geld gebruik om die gras te vervang by die snoepie.

Vrydag, 6 September 2024, kan leerders wat 'n loslitplakker het, gewone klere aantrek. Loslitplakkers is by die kantoor beskikbaar teen R20 elk.

Daar gaan weer heerlike burgers te koop wees teen R50. Bestellings moet Vrydag 6 September 2024 by die skool wees. Maak seker jou bestellings is in.

Mnr. Krüger is by die skoolhoofdesimposium wat vandag ten einde loop. Ons hoop dit was 'n leersame tydjie.

Baie geluk aan ons sekretaresses met sekretaresse-dag. Dankie vir alles wat julle vir ons skool doen.

Alles van die beste vir die week.

Me. Marga den Engelsman
HOD

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Vrydag, 6 Sep	Loslitdag Entrepreneurs: Gr. 2H
Dinsdag, 10 Sep	Gr. 2 uitstappie Kliniek Graad 5
Woensdag, 11 Sep	IF Kultuurmiddag
Vrydag, 13 Sep	Krieketkliniek: Merwe Genis & nette opening Hamburgerverkope Entrepreneurs: Ope

PERSONEEL VERJAARSDAE

Willmarie Buchner: 9 September

Mechyla Schoeman: 12 September

INTERSENFASE KULTUURMIDDAG

Laerskool Montagu bied op 11 September 2024 om 15:00 ons jaarlikse Intersenfase Kultuurmiddag aan. Laerskool Ashton en Laerskool KOO kom neem hierdie jaar deel. Die program gaan bestaan uit seniorkore, redenaars en twee sanggroepe.

Belangstellendes is welkom om die middag gratis by te woon.

LM SKAKEL

LM Skakel bestellings kan tot Vrydag, 6 September 2024 by jou klasonderwyser geplaas word.

Steeds slegs R5!

UITSLAE: ASHTON PIKKIEDAG (31 AUG 2024)

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Wen 1, verloor 2	Cari van Deventer
o. 7B	Gelyk 1, verloor 1	Kyra Jafta
o. 8A	Gelyk 1, verloor 2	Shiree September
o. 8B	Wen 2, verloor 1	Nazeem Jones
o. 9A	Wen 3	Ellie Bussell
o. 9B	Gelyk 1, verloor 2	Mari du Plessis

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Wen 3	Luke Faro, William Smit
o. 7B	Wen 2, verloor 1	Hele span
o. 8A	Wen 2, verloor 3	Hele span
o. 9A	Wen 1, gelyk 2	Ben Rautenbach, Steyn Stemmet
o. 9B	Wen 2	Hele span

7'S RUGBY O. 13: ROBERTSON (29 AUGUSTUS 2024)

Verloor 2, Wen 2, Gelyk 1

Speler van die wedstryd
Jenö Jacobs, Wian Joubert

HS MONTAGU KOORFEES

Hoërskool Montagu het op Donderdag, 29 Augustus, 'n koorfees gehou vir ons en ons buurskole se kore.

Ons juniorkoor en seniorkoor het gaan optree. Hulle het soos altyd pragtig gesing. Die koorlede en gehoor het ook die ander kore geniet en aan die einde deelgeneem aan 'n massakoor.

Onthou om jou Megs-App Sim-kaart teen net R10 by die skool te kom koop! Die Monties kry kommissie op alle lugtyd en data. "Pay as you go" nommers kan oorgeplaas word.

megs

About Us

megsApp is SA's newest Mobile Network focused on simplicity, honesty, and affordability.

Why join megsApp today?

- All our bundles are simple and super affordable
- None of our bundles, airtime, or rewards ever expire
- You can earn FREE data every single day with us
- You'll get the best rates on voice and SMS
- No out-of-bundle rate charges ever
- You can change or keep your number
- Best nationwide connectivity - we run on the MTN Network
- Everything is straightforward, no BS!

Get your SIM & download our App today?
#achievemore

Huidige winskope:

- 500MB for 1 Day – Just R11!
- 4GB for 7 Days – An incredible R99!
- 25GB for 30 Days – Only R299!
- 50GB for 30 Days – A mere R499!

MONTIE BURGERS!

13 September 2024

Monties

Moenie jou Montie Burger misloop nie!

Bestel voor Vrydag, 6 September

Burger + Coke = R50

LOSLIT DAG 2024